# NUWE RIGTINGS IN DIE EUROPESE GESKIEDSKRYWING

**F.A. van Jaarsveld**
*Universiteit van Pretoria*

**Verslag van 'n besoek aan enkele Franse en Duitse Universiteite, 30 September tot 5 November 1980[1]**

Daar sal nie gepoog word om die inhoud van elke gesprek wat ek met akademici gehad het hier op te neem nie: dit sal verwerk word in 'n bygaande stuk oor die vraag: Wat is sosiale en samelewingsgeskiedenis?,[2] wat die kern van my ondersoek was.

Die rede waarom hierdie vraag gekies is, is te vinde in die groot ommekeer wat daar sedert die Tweede Wêreldoorlog in die Europese geskiedskrywing gekom het, nl. van politieke, staatkundige en konstitusionele geskiedenis en die groot historiese persoonlikheid na die sosiale geskiedenis wat die "gewone mens", die massas en die alledaagse lewe in die visier het. Dit beteken 'n uitbreiding van sowel die historiese tematiek as metodiek wat nie net interdissiplinêr geword het nie, maar ook nader aan die metodes van die sosiale wetenskappe beweeg het, soos bewys word deur kwantifikasie deur die rekenaar wat uiters belangrik in die historiese navorsing geword het.

## *I. BESOEK AAN DIE ÉCOLE DES HAUTES ÉTUDES EN SCIENCES SOCIALES 54, BOULEVARD RASPAIL, PARIS*

Hierdie universiteit is die belangrikste vir geskiedenis in Frankryk, wat daar nie as 'n geesteswetenskap nie, maar as 'n sosiale wetenskap beskou word, danksy die vroeë werk van die twee Annalesskoolleiers, Marc Bloch en Lucien Febvre. Die universiteit bied die volgende hoofafdelings aan, wat eintlik alles om die geskiedenis gebou word: Méthodes et techniques des Sciences Huamaines, Geógraphie, Sciences de la Vie sciences de l'Homme, Recherches Interdisciplinaires, Histoire Anthropologie Historique, Anthoropologie sociale ethnographie et Ethnologie, Economie, Psychologie, Sémantique, Sémiologie et linguistique en Sociologie. Die Geskiedenis vertoon geweldige spesialisasie met 52 temas o.a. Histoire et statistique économiques, Histoire sociale, Psychologie historique, Histoire des sciences, Développement de connaissances scientifiques: Histoire et théorie, Démographie Historique, Histore des mouvements sociaux, Critique du savoir historique, Histoire du présent, Histoire des sociétés rurales, Hostoire générale et histoire sociale, Histoire de l'histoire, Histoire d'une histoire: les Annales; Histoire sociale des mentalités modernes, Histoire socioculturelle de l'Europe moderne en Anthropologie Historique — om maar enkeles te noem.

Daar is 140 professore en 250 assistente (maitres) om alle afdelings van die Skool met sy 3 000 doktorale studente te behartig, want hierdie inrigting is 'n nagraades skool. Ongelukkig het hulle klasse eers op 1 November begin en kon ek nie 'n seminaar bywoon nie. My eerste ontmoeting op 1 Oktober 1980 was met:

**Prof Maurice Aymard** wat my meegedeel het die Annalesskoolsiening van die

1. Verkorte weergawe van 'n verslag opgestel op 22.11.1980.
2. Twee voorlesings gehou aan die Universiteit van Suid-Afrika, Februarie 1981

geskiedenis is "totaal", byna imperialisties, alles-insluitend; alle aspekte van "die mens" word histories bestudeer met behulp van alle sosiale wetenskappe en alles kan as bron van inligting dien. Die geskiedenis word as die middelpunt van die mensweten-skappe beskou, dit word interdissiplinêr bestudeer en is ambisieus, want voortdurend word nuwe velde van ondersoek geopen. Gedurende die vyftigerjare was dit veral die ekonomiese en sosiale geskiedenis wat die aandag getrek het, maar vandag val die klem op die antropologiese geskiedenis. As gevolg van die Annalesskool se bedry-wighede het die veld van historiese ondersoek oneindig verbreed en is die historiese metode aangevul met dié van die sosiale wetenskappe. Vir die Annalesskool-historici gaan dit nie om periodes te bestudeer nie, maar probleme waarvan die belangrikste aspek die historiese vraag is, en dié moet aan die hand van die bronne opgelos word. Die kuns van geskiedskrywing lê in sy vraagstelling. Die Annalesskool bied 'n eienaar-dige vermenging van die sosiale wetenskappe met die geskiedenis. Die Franse is nie teoreties in hulle geskiedenisbeoefening nie, maar empiries; omdat die vrae met verloop van tyd wissel, wissel ook die geskiedenis.

2. **Dinsdag, 7 Oktober 1980.** Besoek proff. Jean Devisse en Yves Person, van die Université de Paris (Parys het ongeveer tien universiteite) se "Centre de Recherches Africaines", 9, Rue Malher, waar ek 'n voormiddag deurbring en kyk na 239 doktorale dissertasies wat sedert 1963 daar oor Afrikageskiedenis geskryf is. Die 13 universiteite met Afrikageskiedenis hou onderling kontak asook kontak met sowat 20 Afrika-univer-siteite, soos blyk uit die Bulletin d'Information et de Liaison Interuniversitaire. In die sentrum word ook Suid-Afrikaanse geskiedenis gedoseer, maar daar bestaan gebrek aan kontak met die RSA en eersterangse bronne. Vir enige student in Afrikageskiedenis is Parys 'n goudmyn aan argivale en ander bronne.

3. **7 Oktober 1980: Onderhoud met Prof André Burguière** aan die École des hautes Etudes wat twee uur lank geduur het. Op my vrae het hy oor die geskiedenis van die Annalesskool gepraat en getoon hoe dit tot die *Establishment* van die Franse geskiedskrywing geword het, die invloed waarvan vandag wêreldwyd strek. Parys is vandag die leier op die gebied van die geskiedenis soos Berlyn dit in die 19de eeu was. In die Annalesskool is die beste historiese breinkrag saamgetrek: vir Burguière is geskiedenis die kern van die sosiale wetenskappe wat daar om hom heen gebou is. Die Annalesskool is die sameloop van drie tradisies: die sosiologiese van Emile Durkheim, die geografiese van Henri Berr, Bloch en Febvre wat na mentaliteite en die sosiaal-ekonomiese gedrag van die mens gesoek het, en derdens 'n reaksie teen die Positivisme; dit is dus die erfgenaam van twee strominge nl. van 'n sosiaal-ekonomiese en 'n antro-pologiese (van Guizot en Michelet). Die doel is om te soek na groepe in die geskiedenis en nie om individue te behandel nie.

Die vernieuwing wat daar in die 30-tiger jare in die Franse geskiedskrywing gekom het, was 'n verwerping van sekere idees wat die historiese geleerdheid vanaf die einde van die 19e eeu tot in die jare dertig oorheers het, nl. dat geskiedenis in die eerste plek die geskiedenis van die staat en regerende groepe was en dat sy implisiete funksie was om die nasionale staat te legitimeer. Geskiedskrywing was beperk tot die geskiedenis van instellinge, parlementêre geskiedenis, diplomatieke geskiedenis en die geskiedenis van politieke bewegings en idees. Die historiese aard van 'n verskynsel het direk of indirek verband gehou met die sfeer van die staat en het die vorm van 'n gebeurtenis aangeneem.

Teen die begin van die Derde Franse Republiek het daar twee historiese skole

langs mekaar bestaan: die een meer narratief en na aan die leidende elites, politieke debatte, instellinge en konflikte — die erfgenaam van die kroniekskrywers. Die tweede was meer analities, die erfgenaam van die Franse filosowe en verligte hervormers van die 18e eeu en gewy aan die beskrywing van sosiale gewoontes en gedrag. Die narratiewe skool was soos elders in Europa die gevolg van eerstens politieke redes, nl. dat dit die mondstuk van die legitimerende agent van die nasionale staat geword het, tweedens die gevolg van kennisleer, nl. dat geskiedenis onder invloed van die scientisme na 'n metode gesoek het gebaseer op die model van die eksperimentele wetenskappe. Sy empiriese data was geskrewe bronne wat in die argiewe bewaar word, en sy navorsingsveld dit wat deur die rekords gedek is, nl. die openbare sektor. Daar was 'n analogie met die bioloog se sel en die fisikus se atoom: vir die geskiedenis was dit die historiese feit of gebeurtenis. Hierby kom derdens dat die opkoms van die jong sosiale wetenskappe soos sosiologie en volkekunde geskiedenis gedwing het om sy identiteit binne 'n beperkte terrein te herdefinieer, en daarom teruggeval het op die staat en die politieke sfeer.

Dit is hierdie opvatting van die geskiedenis as 'n wetenskap waarteen die Franse Annalesskool in reaksie gekom het. Die eerste reaksie was van die kant van die sosiologie van Emile Durkheim met sy Année Sozioloque. Hy het geskiedenis nie as 'n wetenskap gereken nie en wou sosiologie verhef tot die enigste sosiale wetenskap wat die ander moes insluk. Sy sosiologiese skool was 'n kritiese wetenskaplike reaksie teen die oorheersing van die geskiedenis wat hy as "imperialisties" bestempel het. Die Annalesskool was insgelyks 'n kritiese reaksie teen die imperialisme (of oorheersing) van die politieke geskiedenis wat as "l'histoire événementielle" bestempel is, d.i. gebeurtenis-geskiedenis. Die stigters van die Annalesskool, Marc Bloch en Lucien Febvre, het hulle mede-historici uitgenooi om die ministeriële kantore en parlementêre kamers te verlaat en die sosiale groepe om ekonomiese strukture daarbuite "lewend" waar te neem, d.i. om elke samelewing in diepte te bestudeer. Deur hulle invloed het die "l'histoire événementielle" sy hart vandag links: die geskiedenis van die arbeiders se stryd en rewolusionêre groepe word eerder beskrywe as veldslae of diplomatieke verhoudinge. Die generaals en staatsmanne is vervang deur die leiers van die arbeidsbewheginge. Die historikus se terrein is verbreed van die openbare werklikheid na die alledaagse lewe en gewone mense, en die voor-industriële samelewing is as 'n "ander" samelewing bestudeer.

Bloch en Febvre is tussen die twee wêreldoorloë deur die sosiologie en geografie beïnvloed. Hulle wou 'n ware sosiaalwetenskaplike metode vir die geskiedenis voortbring. Durkheim se Année Sosioloque en die Franse geografiese skool het 'n uitwerking op hulle bedrywighede as historici gehad. Febvre het 'n voorliefde vir streeksgeskiedenis en antropogeografie. Wat hom en Bloch beïndruk het, was kultuur, ruimte en milieu. Bloch het belanggestel in die kleinboere en plattelandese geskiedenis en die verhouding van sosiale groepe en omgewing.

By die verval van die Durkheimse sosiologie en die Franse geografiese skool was die uitbouing van 'n nuwe soort geskiedenis vir Bloch en Febvre 'n strategiese onderneming. Dié verval het 'n vakuum in die twintigerjare gelaat en hulle wou dit vul. Daar het invloede van buite Frankryk op hulle ingewerk o.a. van Huizinga, Pirenne, Lamprecht en Max Weber. Febvre wou 'n Franse historiese tydskrif uitbring wat kon vergelyk met die Duitse "Vierteljahrschrift fur Sozial- und Wirtschaftsgeschichte", en volg dus die Duitse model.

By die klein groepe historici in Frankryk wat in reaksie gekom het teen die historiese *establishment* van staats- en politieke geskiedenis was daar oorspronklikheid

deur die aanknoop van verhoudinge met die sosiale wetenskappe buite die vak om. Die ontwikkeling van die Franse Annalesskool het drie fases deurloop: vóór en ná die Tweede Wêreldoorlog en sedert 1969. Voor 1945 het die Annalesgroep wat sedert 1929 om die tydskrif *Annales* gevorm is, hulle veral met ekonomiese geskiedenis ook van kontemporêre aard besig gehou, soos bv. die Groot Depressie in die V.S.A. Nie net historici nie, maar ook geleerdes buite die geskiedenis, selfs hoë staatsamptenare, het bydraes tot die tydskrif gelewer, dié was interdissiplinêr aangelê en dus buite die gevestigde historiese bedryf. Ná die Tweede Wêreldoorlog het die belangstelling veral na sosiale geskiedenis verskuiwe en het ekonomiese en sosiale geskiedenis hand aan hand gegaan. In die sestigerjare het iets nuuts bygekom nl. 'n verskuiwing van die belangstelling na antropologiese geskiedenis wat die toneel ná 1969, d.w.s. in die sewentigerjare, oorheers het.

Wat die ekonomies-sosiale geskiedenis betref: aandag is gegee aan "rou" materiaal (vroeër verwaarloos) soos onpersoonlike en seriële dokumente: dit was die historikus se wyse om "buite" te skilder: lyste van markpryse vir die studie van fluktuasies in agrariese produksie, notariële rolle vir die studie van die veranderende lotgevalle van familieplase, kerkregisters vir die studie van demografiese bewegings. Sulke seriële bronne het deur statistiese prossessering die trends, neigings of ritmes van evolusie uitgebring en nie standpunte of 'n gekonstrueerde aanbieding van die werklikheid nie. Dit was die doel om die diep meganismes van 'n samelewing uit te bring deur tot anderkant die gemanifesteerde werklikheid in die geskiedenis deur te dring, en dus te ontsnap aan amptelike mitologie. Statistiese analise van 'n samelewing het aan die lig gebring die diskontinuïteite en heterogene aard van die historiese tyd: politieke beslissings, sosiale stryd en voedselkrisisse val binne die tydskategorie van "korte duur"; die fluktuering van pryse en demografiese verskuiwings van "langer duur" en die tyd van "lange duur" (longue durée) vir wyse van produksie, agrariese landskappe en mentaliteite, en vierdens het Fernand Braudel gewys op die siklusse en nie-liniëre tyd wat bv. aan die Ancien Régime 'n ritme en langtermynse stabiliteit gegee het. Sedert 1969 het die klem al meer op kwantitatiewe geskiedenis geval.

Gedurende die sewentigerjare het daar klemverskuiwing na antropologiese geskiedenis gekom wat reeds deur Bloch aangevoor is. Hy het bv. nagevors oor die bygeloof van die koninklike geneeskrag. Daarmee het temas wat vroeër eintlik tot die terrein van die antropologie behoort het, soos folklore, eetgewoontes, behuising, liggaamsversorging, gebare en seksuele gedrag, ook objek van studie vir die historikus geword — antropologiese geskiedenis. Daarin het veral die studie van familieverwantskap en die lotgevalle van families van belang geword. Die historiese antropologie rig hom ook op 'n studie van mentaliteite, 'n begrip van Febvre. Antropologie of volkekunde het die geskiedenis van benede verower deur 'n studie te maak van die uitdrukking van die kulturele lewe soos bygeloof, rites, d.i. folklore wat 'n kollektiewe geloof is sonder 'n leerstelling. Elke samelewing het die geskiedenis wat hy wens om te hê. Ook ons behoort tot die Zeigeist.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het die intellektuele klimaat in Frankryk verander. Die rede is die snelle ontwikkeling van die sosiale wetenskappe, waar dit voor die Oorlog gekwyn het. Die psigologie en volkekunde het opgebloei, ook in ander Westerse lande. Febvre se ideale om geskiedenis nouer met die sosiale wetenskappe te laat saamwerk is gerealiseer toe die Sesde Afdeling van die École des Hautes Études gestig is. Dit het die kern bevat van 'n groep historici wat die spesialiste in die sosiale wetenskappe tot 'n dialoog uitgedaag het. Hulle wou dat die sosiale wetenskappe om die geskiedenis as sentrale menswetenskap georganiseer word, waarin hulle geslaag het. As

gevolg van die ywer van Bloch en Febvre, die eerste direkteur van die Sesde Afdeling, het hulle vir geskiedenis 'n nuwe plek verwerf en self die establishment van die Franse geskiedskrywing geword. Met die opkoms van die sosiale wetenskappe het dit gelyk of die nuwe plek verloor sou word, maar gedurende die sestigerjare het 'n krisis in die sosiale wetenskappe ingetree wat geskiedenis weer sy ou plek laat herwin het. Die Annalesskool het tot die beroemdste deel van die Franse sosiale wetenskappe geword. Die sosiologie, geografie, psigologie en antropologie het 'n nuwe tydvak vir die geskiedenis gebring deur hulle sentrering daaromheen.

Daar het geen noemenswaardige invloed van die Marxisme op die Annalesskool uitgegaan nie. Febvre het geen idee van die Marxisme gehad nie. Wel het daar leftiste by die Annalesskool aangelsuit soos Matthiez en Le Roy Ladurie wat 'n kommunis was, maar dié het dit laat vaar. Enkele van die lede van die Annalesskool het 'n linkse politiek aangehang maar die skool self is vry daarvan. Bloch en Febvre was krities op die Marxisme. Die Marxisme het eers laat na Frankryk gekom, nl. na die Tweede Wêreldoorlog toe dit Franse intellektueles beïnvloed het. Die Annalesskool is nie Marxisties nie, hoewel dit enkele Marxiste bevat. 'n Mens moet egter die Marxistiese paradigma in ag neem, nl. die strukturele en totale sosiale geskiedenis wat sosiale fenomene en ekonomiese toestande betref. In die perspektief van die "strukturele" en "totale" in die geskiedenis is daar iets verwant aan die veld van die Marxisme. Na die stigting van die Annales in 1929 is 'n aantal Marxiste aangetrek, o.a. Paul Vilar. Braudel is eerder 'n Sosialis as 'n Marxis: hy is 'n gedeeltelike Marxis. Dit was sosiale konflikte wat Braudel na 'n studie van die geskiedenis gelei het. In vergelyking met die teoretiese Marxisme is daar 'n sekere preokkupasie met soortgelyke velde van ondersoek of temas. Die Marxiste het die Annalesskool soms beveg. die Annalesskool is nie beïnvloed deur die Marxisme nie.

Die meeste van die historici van die Annalesskool is nie verbonde aan die École des hautes Études nie, maar is versprei oor die universiteite van Parys en Frankryk. Pierre Chaunu, en van die mees produktiewe geskiedkundiges, doseer bv. aan die Sorbonne. Die invloed van die Annalesskool het wêreldwyd uitgekring.

## Woensdag, 8 Oktober: Ontmoeting met Prof Jacques Revel

Die personeel van die Annalesskool geniet groot vryheid. 'n Professor het slegs een 2-uur seminaar per week. Die hele École des hautes Études het 140 professore, 250 tegniese assistente wat altesaam 3 000 doktorale studente lei. Hiervan is 60 professore vir geskiedenis met 60 assistente. Die professor is eintlik 'n "direkteur" van studies: 'n student kies óf sy eie tema tydens die seminaar-opleiding óf hy skakel by 'n projek in en kan 'n doktorsgraad op 'n gesamentlike projek verwerf.

Die sosiale geskiedenis het vroeër as die vyftigerjare gekom onder invloed van Francois Simiand, Durkheim, Bloch en Febvre wat geëis het dat geskiedenis "sosiologies" bestudeer moet word. Gedurende die dertiger-, veertiger- en vyftigerjare is sosiale geskiedenis onder die ekonomiese geskiedenis verberg. Eers in die sestigerjare het dit sterker op die voorgrond getree onder invloed van Levi-Strauss se strukturalisme. Ook het die kultuurgeskiedenis hierin 'n rol gespeel, egter nie onder invloed van enkele persoonlikhede nie, maar eerder in die vorm van 'n ondersoek na kollektiewe houdinge — antropologiese geskiedenis. Deur die teruggang van die ekonomiese geskiedenis in die afglope 20 jaar het sosiale geskiedenis weer op die voorgrond getree. Daar het ook invloed van die Amerikaanse "New Economic History" uitgegaan maar nie te veel nie. Vandag het die antropologiese benadering die

voorkeur in die geskiedenis. Familiegeskiedenis is deel van die sosiale en antropologiese geskiedenis, wat uit die demografiese geskiedenis gekom het.

'n Belangrike kenmerk van die Annalesskool is sy interdissiplinêre ingesteldheid. Daar word meer navorsing as opleiding in dié skool verrig. Dit word van studente verwag om opleiding in meer as een dissipline te volg om in te pas by die interdissiplinêre aard van die inrigting.

## *II. VRYE UNIVERSITEIT VAN BERLYN*

### 5. Ontmoeting met prof. Wolfram Fischer, 13 Oktober

Fischer ís een van die briljantste sosiaal-ekonomiese historici van die Bondsrepubliek en internasionaal bekend. Sy instituut heet "Zentralinstitut für Sozialwissenschaftliche Forschung" (Hittorf Allee 2-4, Berlin 33). Die Instituut het sy eie biblioteek.

Fischer staan op die standpunt van die Annalesskool, nl. dat geskiedenis nie 'n geesteswetenskap nie maar 'n sosiale wetenskap is, en ondersteun dus die posisie van die Universiteit van Bielefeld dat geskiedenis 'n "histories-sosiale wetenskap" is. Dit hang alles af van watter standpunt 'n mens die geskiedenis bekyk. Die politieke geskiedenis in die sin van Leopold von Ranke se hermeneutiese skool is geensins dood nie en floreer naas talle ander rigtings in die geskiedskrywing. Die klem het egter van buitelandse na binnelandse politiek verskuiwe. Ook is die biografie nadat dit lank uit die mode was, weer op pad terug. Meinecke se geestes- of intellektuele geskiedenis is egter uit die mode, want die klem lê nie meer op die individu nie, maar op volksmassas en groepe. Die Duitse geskiedskrywing van vandag is gekompliseerd en vertoon 'n veelsydige gesig. Tog is sosiale geskiedenis in die mode, d.i. die geskiedenis van die gewone mens en die alledaagse lewe, om bv. te dink aan groepe en bewegings soos bv. die arbeidersbewegings, en die geskiedenis van die vrou wat ook jarelank verwaarloos was, soos blyk uit die titel: "Im Dunkel der Geschichte: Frauenbewegung in England vom 17. bis. 20. Jahrhundert" (Frankryk a/M, vom 1980), van Sheila Rowbotham. Fischer het ook op die diversiteit van temas gewys soos die geskiedenis van dood, siekte, armoede, voedsel, ens. wat vroeër verwaarloos is.

Met betrekking tot die Annalesskool is Fischer nie van mening dat dit die leier van Europa geword het met betrekking tot die geskiedskrywing nie, hoewel belangrike werk gedoen en die aandag op temas getrek is wat voorheen nie raakgesien is nie. Dié skool het 'n mate van invloed op die Duitse historici gehad om bv. aan Otto Brunner, Theodor Schieder en Werner Conze te dink. Brunner was ook origineel met sy tipe sosiale geskiedenis en hy het 'n hele geslag beïnvloed.

Die sosiale geskiedenis soos beoefen in Duitsland het eie oorspronge gehad wat op 'n deeglik Duitse tradisie van sosiale geskiedenisbeoefening berus. Dit is nie dat Ranke se "wetenskaplike" skool vervang is nie — dié gaan nog voort, maar die professie het gegroei, verbreed en uitgebrei sodat dit vandag 'n veelvoudige gesig toon, anders as gedurende die Nazi-tyd toe die siening van die geskiedenis voorgeskyf is. Volgens prof. Fischer streef prof. Hans-Ulrich Wehler met sy skepping van die begrip "Historische Sozailwissenschaft" (wat soos die Franse Annalesskool geskiedenis uit die geesteswetenskappe lig en onder die sosiale wetenskappe rangskik) na 'n "monopolie", wat ook te ver gaan. Beide rigtings — geskiedenis as geesteswetenskap (menswetenskap) en geskiedenis as historiese sosiaalwetenskap het bestaansreg náásmekaar; die een sluit die ander nie uit nie, vul mekaar eerder aan. Die sosiale wetenskap kan tog nie van die geskiedenis uitgesluit word wat tema en metode betref nie. Die ou kloof tussen die geskiedenis en die sosiologie (teen die eiuwending het die sosiologie na 'n monopolie

gestreef) is vandag grootliks oorbrug, hoewel sommige historici wil dat dit nog bestaan. "Sosiale wetenskap" bestaan vandag nie net uit sosiologie nie (soos tydens die Duitse Metodestryd aan die einde van die 19e eeu geglo is), dit is vandag veel meer gekompliseerd en gediversifiseer. Vir Fischer is geskiedenis 'n sosiale wetenskap wat vandag 'n uiters breë term is. Sosiale wetenskap is vandag die wetenskap van mense in interaksie: of Geskiedenis 'n sosiale wetenskap is, hang af van die definisie van sosiale wetenskap. Vir alle praktiese redes kan die geskiedenis van die mens in die moderne wêreld veel meer as sosiale wetenskap as vroeër behandel word, om bv. aan argeologie te dink.

In Duitsland word ook struktuurgeskiedenis behandel, veral wat betref instellinge wat vaste strukture het. Die "struktuur" kom daarby in hoe jy na instellinge en gedrag kyk: dit het elemente met 'n sekere hierargie. Historiese "gebeurtenisse" is net 'n ander wyse om na dieselfde ding of verskynsel te kyk. Vir Conze en Schieder is "struktuur" iets anders as by Kocka en Koselleck. Die Franse Rewolusie sluit tog ook die struktuur van die hele Franse samelewing in nâás al die gebeurtenisse. Fischer oordeel dat prof. Jürgen Kocka sosiale *as* samelewingsgeskiedenis sien. Ook is hy oortuig dat daar nog steeds kontinuïteit in die Duitse geskiedwetenskap bestaan. Die Tweede Wêreldoorlog het nie 'n volkome breuk gebring met die tradisie nie. Tans is daar ruimte vir vele temas: naas politieke het ook sosiaal-ekonomiese temas gekom. Die ekonomiese geskiedenis is egter doel op sigself en 'n besondere veld wat deur die jare voortgegaan het. Sosiale geskiedenis het hom geëmansipeer van die ekonomiese geskiedenis waaraan dit altyd baie nou verbonde was en word nou baie sterk bó politieke geskiedenis beklemtoon. Rudolf Stadelmann was een van die grootste Duitse sosiale historici wie se invloed vandag nog lewe al is hy vroeg in 1948 dood. Dit geld ook Otto Brunner wat 'n eie skool van sosiale geskiedenis gehad het. 'n Ander was Hugo Hassinger. Fischer was bv. 'n leerling van Brunner.

In die vroeë vyftigerjare het daar 'n nuwe oriëntering gekom. Brunner het geglo die historikus moet sy kategorieë uit die tydperk van studie self haal, terwyl prof. Jürgen Kocka van Bielefeld glo hulle moet kom uit die eietyd waarin die historikus lewe. Kocka is oortuig van die teenoorgestelde as Brunner, nl. dat die historikus moderne kategorieë uit sy tyd moet gebruik om die verlede te verstaan en te beoordeel, d.i. uit die sosiale wetenskap. Fischer het die gedagte van Brunner verander, nl., daar bestaan sekere voordele om die moderne kategorieë te gebruik: Brunner en Kocka het dus albei gelyk: die historikus het sowel die kategorieë van die verlede (die tyd waarin ondersoek gedoen word) as dié van sy eie tyd nodig om te kan verstaan. Hy verwys na die kategorie "heerskappy". Deur sy eie navorsing het Fischer bevind dat onder "Reich" eintlik die staatjies verstaan is wat *nie* tot Pruise of Oostenryk, d.i. die groter state nie, behoort het. Dit geld klein dorpe, stede en gebiede. In moderne sin kan die toestand vergelyk word met die Derde Wêreld van vandag as "Reich", terwyl die Weste (Oostenryk) die "Eerste" en Rusland (Pruise) die "Tweede Wêreld" vorm.

In die V.S.A. word onderskeid getref tussen "societal" en "society". Eersgenoemde het op die geheel van die samelewing betrekking (Kocka se Gesellschaftsgeschichte) wat iets soos makro-samelewing behandel, d.i. 'n totaliteit van die samelewing wat dui op die inter-afhanklikheid tussen groepe. In Duitsland was daar ook nog 'n "Sozialpolitik" nl. as "Gesellschaftspolitik". Dit het bv. arbeid en armes geraak. Die moderne sosiale politiek sluit die hele samelewing in, nl. alle groepe, en dié kan tog nie van mekaar geskei word nie en vorm die totaliteit van die samelewing. Die "sosiale politiek" van vandag staan gelyk aan samelewingspolitiek en dié is 'n totale.

Volgens Fischer is Jürgen Kocka, wat 'n boek oor Sosiale Geskiedenis geskryf het, geen Marxis of Neo-Marxis nie, hoewel hy die waarde van die Marxistiese geskiedskrywing erken: hy is eerder 'n liberale denker, effe-links, maar hy is in die eerste plek 'n produk van Max Weber. Dié se invloed in Duitsland is groot, anders as dié van sy broer Alfred Weber met sy kultuursosiologie wat vandag nie meer in Duitsland in tel is nie. Max Weber was die skepper van die "Verstehende Soziologie" en sosiaalwetenskaplike van formaat. Kocka se benadering tot die sosiale geskiedenis is 'n totaliteitsbenadering, nl. samelewingsgeskiedenis. Hy is nie sterk deur die Franse Annalesskool beïnvloed nie. 'n Rede is dat die Duitse historici Frans nie so goed lees nie. Kocka is sterker deur die Engelse en Amerikaanse opvatting van sosiale geskiedenis beïnvloed. Die Annalesskool-invloed bestaan in Duitsland, maar dit is nie al of alles nie. Wilhelm Dilthey se invloed is ook nie meer so groot nie, hoewel hy deur Koselleck aangehang word. Dilthey het 'n hele geslag Duitse historici onder sy invloed gehad en by dié wat geestes- of intellektuele geskiedenis beoefen is sy invloed nog groot.

Die hoofstroom van die Duitse geskiedskrywing lê vandag by die sosiale geskiedenis. In Duitsland bestaan daar 'n afstand tussen die Annales en geskiedenis; die Annales is nie die Europese hoofskool of hoofstroming nie, dis slegs één van die hoofstrominge. Daar bestaan vandag eerder 'n breë diversiteit van strominge. Een van die redes vir die diversiteit is dat die nasie-idee verander het. In die moderne tyd is dit heel anders as in die tyd van Ranke, die grondlegger van die wetenskaplike geskiedskrywing. Meinecke is ontsetel omdat hy "persone" en "gebeurtenisse" behandel het, terwyl dié vandag bevraagteken word. Dit is wel een van die wyses om na die geskiedenis te kyk. Ook die supremasie van die nasie is bevraagteken as 'n mens bv. dink aan die vraag "wat is Suid-Afrikaans", 'n "Suid-Afrikaner" of 'n "Suid-Afrikaanse nasie"? Dit toon hoe gekompliseerd die begrip is. Daar was as reaksie dus 'n beweging weg van die politiek na die sosiale wêreld.

As gevolg van die Tweede Wêreldoorlog het ook *regionale* geskiedenis opgekom wat sosiaal bestudeer word, selfs subregionaal. Dié is net so belangrik of interessant as die "groot" geskiedenis. Sosiale geskiedenis in Duitsland is dus meer op die voorgrond as die politieke of die staatsgeskiedenis. Dit kan as 'n internasionale neiging of "trend" gesien word wat die hele Europa en ook die V.S.A. raak. Streeksgeskiedenis het in belangrikheid toegeneem, en ook dit is sosiale geskiedenis. Dit moet nie vergeet word nie dat die sosiale geskiedenis vandag verbind is aan die sosiologie. Daar bestaan ook belangrike werk oor plattelandse, agrariese of boeregeskiedenis (Wilhelm Abel, Gunter Franz). Ekonomiese geskiedenis word in Duitsland as 'n spesiale tema behandel, terwyl sosiale geskiedenis in die mode en in tel is. Elke student wil graag 'n tema in die sosiale geskiedenis navors. 'n Probleem is dat dit nog te min in Duitsland behandel word in vergelyking met bv. Frankryk, Engeland of die V.S.A.

Dit moet onthou word dat die politieke geskiedenis nie in Duitsland of Europa opgegee is nie; dit word nog beoefen, maar ook dáárin het die klem verskuif: daar word vasgestel hoe die politieke geskiedenis sosiaal bepaald is. 'n Baie duidelike neiging in die Europese (veral Duitse) geskiedskrywing is 'n studie van die gewone mens en die alledaagse lewe. So 'n sosiale geskiedenis van die alledaagse lewe was by Ranke ondenkbaar.

## 6. **Ontmoeting met prof Hartmut Kaelble,** 14.10.1980 — Zentralinstitut für sozialwissenschaftliche Forschung

Kaelble het belangrike werk i.v.m. historiese mobiliteit gedoen. (Vgl. sy boek:

"Historische Mobilitätsforschung, West-Europa und die U.S.A. im 19. und 20. Jahrhundert" Darmstadt, 1978). Hier het ek ook twee ander besoekende historici ontmoet: die eerste uit Kanada, Frank Eyck, 'n seun van die bekende Erich Eyck met sy Bismarck-biografie, en Carl-Ludwig Holtfrerich uit Frankfurt met 'n boek oor "Die deutsche Inflation 1914-1923: Ursachen und Folgen in internationaler Perspektive," 1980). Die verskuiwing van die politieke geskiedenis na die sosiale geskiedenis was nie die gevolg van Marxisme of die Sosialisme, dus die sosiale regerings in Europa nie, hoewel 'n mens daarmee moet rekening hou dat Karl Marx as historikus (nie ideoloog nie) die wêreld van die "gewone mens" voor die Westerse historici ontdek het, maar in die Weste word sosiale geskiedenis vry beoefen en nie onder dwang van 'n ideologie soos in Oos-Duitsland of die lande van die Oosblok nie. Vir Suid-Afrika lê daar 'n wye wêreld voor om in die sosiale geskiedenis te ontdek. Ons sal kwantifisering nie kan ontsnap nie.

7. **Ontmoeting met prof Arthur Imhof,** Friedrich Meinecke-Institut Freie Universität Berlin — 15 Oktober 1980

Sy afdeling van die geskiedenis is historiese demografie en hyself die skrywer van "Einführung in die Historische Demographie" (München 1977). Daar is sowat 3 000 geskiedenisstudente aan die Vrye Universiteit wat bedien word deur sowat 50 professore in die geskiedenis met hulle assistente. Imhof het my deur sy Instituut geneem en aan 'n aantal doktorale studente voorgestel, bronne getoon asook die rekenaar, waarin sy studente spesiale opleiding kry. Hy het 'n lang artikel geskrywe oor "Die Rekenaar en Sosiale Geskiedenis — Historiese Demografie in Duitsland".

Prof Imhof aanvaar ook dat geskiedenis nog steeds op twee elemente berus: (i) die hermeneutiese *verstaan* wat vertolking is en 'n kuns (menswetenskappe, geesteswetenskappe) en (ii) die analitiese *verklaar* wat wetenskap is. Aldus is geskiedenis sowel kuns as wetenskap — dit berus op die hermeneuties-begrypende en die verklarende of analitiese praktyk wat hom tot 'n sosiale wetenskap maak. Enersyds het die veld van die geskiedenis verbreed en andersyds kan die moderne historikus nie sonder die uitkoms en metodes van die sosiale wetenskappe nie. Sy werkswyse is tans interdissiplinêr: Die ou kloof teenoor die twee werkwyses is naastenby oorbrug, hoewel so 'n benadering tot die geskiedenis nie vir alle historici aanvaarbaar is nie. Die ou tradisie van Ranke i.v.m. politieke geskiedenis is nog lank nie dood nie en aan die Vrye Universiteit kies 80% van die geskiedenisstudente nog politieke temas. Die Duitse geskiedskrywing het meer pluraal geword.

Die Duitse geskiedwetenskap het ná die Tweede Wêreldoorlog nie soseer onder Franse invloed ontwikkel nie as onder Engelse en Amerikaanse, want baie dosente is uitgewissel in en na die besettingstyd. Die moderne Duitse sosiale geskiedenis is 'n voortsetting van wat die ou geslag Duitse sosiale historici gepresteer het. Max Weber se invloed is nog steeds groot. Daar was dus nie diskontinuïteit in die Duitse geskiedskrywing nie. 'n Mens sou ook nie kon beweer dat die Franse Annalesskool die belangrikste stroming in die huidige Europese geskiedskrywing is nie: dit is belangrik vanweë die nuwe weë wat hy met tema en metode gevolg het. wat internasionaal invloed uitgeoefen het, ook in Duitsland, waar dit egter nie soos elders van deurslaggewende aard was nie. Dit was politieke redes wat die Duitse geskiedwetenskap op die Angel-Saksiese wêreld georiënteer het.

Wat die "Historische Sozialwissenschaft" betref, dit was 'n skepping van prof. Hans-Ulrich Wehler van Bielefeld waar Jürgen Kocka en Reinhart Koselleck doseer —

en dié is 'n bietjie "monopolisties" indien nie "imperialisties" nie! Georg Iggers het 'n groot bewondering vir Wehler wat noue kontak met die V.S.A. gehad het, en hy het sy boek, "New Directions in European Historiography", in Duits onder die titel "Neue Geschichtswissenschaft: Vom Historismus zur Historische Sozialwissenschaft" (1978) laat verskyn, wat aansluit by 'n publikasie waartoe Imhof e.a. historici uit Wes-Berlyn in 1977 bydraes gelewer het, nl. "Historische Sozialwissenschaft". Maar daar word nie net sosiale geskiedenis in Duitsland beoefen nie, hoewel dit sterk in die mode is. Dit het niks te doen met Marxisme of Neo-Marxisme nie, maar het te doen met (i) die voortsetting van 'n ou Duitse tradisie (Schmoller, Breysig, Hintze bv.) en (ii) die historiese probleme wat deur die industriële rewolusie meegebring is, en dit raak elke verstedelikte land. Selfs by die beoefening van die politieke geskiedenis word die sosiale aspek sterk beklemtoon want vandag word politiek sosiaal bepaal, wat natuurlik ook van Suid-Afrika waar is. Die Amerikaanse idee van "sosiale mobiliteit" het diep indruk in Duitsland gemaak anders as die Annalesskool wat daar nie so diep wortel geskied het nie. Ook die historiese klimaat het na die Tweede Wêreldoorlog verander. Die Duitse sosiale temas was nie die gevolg van die Franse invloed nie: ook is dit nie Marxisties geïnspireerd nie. Duitsland het vroeër as die ander Europese lande met die studie van die sosiale geskiedenis begin — reeds al teen die einde van die 19e eeu. Wat wel nuut is, is die demografiese geskiedenis as sosiale geskiedenis. Imhof oordeel dat die Franse Annalesskool buite Frankryk groter invloed uitgeoefen het as in Frankryk self. Ná die Tweede Wêreldoorlog het dit tot een van die belangrikste inisiatoriese skole geword. Dié skool word buite Frankryk "Annales" genoem maar nie van binne nie, 'n uitspraak wat na my besoek aan Parys nie heeltemal korrek is nie.

In Duitsland was daar swenkinge in die geskiedwetenskap, veral dié van politieke na sosiale geskiedenis wat hom besig hou met sosiale temas en vraagstukke, d.i. swenkinge na die ekstreme; daar mag moontlik weer 'n terugswaai na die politieke geskiedenis plaasvind. Die kind kan tog nie met die badwater uitgegooi word nie. Tans is sosiale geskiedenis geliefd, later dalk weer iets anders. Die Duitse bevolkingsgeskiedenis is reeds tussen die twee Wêreldoorloë behandel, maar het gedurende die Nazi-tydperk in diskrediet geraak.

Die idee van Bielefeld dat geskiedenis 'n historiese sosiaal-wetenskap is, was 'n reaksie in Duitsland teen die ouer tradisie van die hermeneutiese verstaansmetode. Afgesien van spesialisasie is die historikus 'n "algemene praktisyn" van die geskiedenis. Vir Imhof maak dit nie saak of geskiedenis in die eerste plek geestes- of sosiale wetenskap is nie: hy vra nie na etikette nie. Geskiedenis vereis spesiale behandeling van geval tot geval. Van belang is dat 'n interdissiplinêre benadering tot die geskiedenis nie vandag uitgesluit kan word nie. Die term "Historiese Sosiaalwetenskap" is net nog 'n etiket. Hy glo Hans-Ulrich Wehler, die skepper van hierdie begrip, is te eksklusief en wil afgrensinge maak wat nie die aard van die geskiedenis pas nie. Daar bestaan verskil van mening oor dié term. Dit is egter 'n feit dat die ou kloof tussen geskiedenis aan die een kant en sosiale wetenskap aan die ander kant grootliks oorbrug is. 'n Rede is die verandering van ons samelewing en die opkoms van soveel sosiale wetenskappe, waar sosiologie teen die eeuwending as enigste "ware" wetenskap van die mens die geskiedenis wou verswelg. Vandag het talle ander sosiale wetenskappe ook die mens tot historiese objek. 'n Mens dink bv. aan die antropologie. Reeds het Nipperdey 'n historiese antropologie bepleit, 'n rigting wat gedurende die sewentigerjare sterk in die Annalesskool opgang gemaak het.

## *III UNIVERSITÄT BIELEFELD*

### 8. Ontmoeting met prof Sidney Pollard 17.10.80

Aangesien prof. Pollard ('n Duitser wat in Engeland gewoon en doseer het) pas die vorige dag aangeland het en geen voordrag vir sy eerste seminaarklas van 15 doktorale studente voorberei het nie, het hulle gevra of ek as buitelandse besoeker nie daarvoor kans sien nie. Ek het ingewillig en 'n voordrag oor die sosiopolitieke en sosio-ekonomiese ontwikkelinge in Suid-Afrika, 1948-1978 gelewer wat ingepas het by hulle seminare oor sosiaal-ekonomiese geskiedenis. Die voordrag het 'n lang bespreking uitgelok want die nagraadse studente is ingestel op analise sodat die voordrag as bespreking twee uur lank geduur het.

Dit was 'n vuurdoop wat my dadelik laat inskakel het by die Universiteit wat in 1969 gestig is, dus nuut is. Sy geskiedenisdepartement het eers in 1973 begin, tog het dit die Universiteit van Bielefeld in die kort tyd buite die grense van Duitsland bekend gemaak. Die rede is dat Hans-Ulrich Wehler wat 'n leerling van Theodor Schieder in Köln was, die mees produktiewe Duitse historikus na die Tweede Wêreldoorlog was en die skepper van die begrip "Historische Sozialwissenschaft" vir geskiedenis, wat lang diskussies in Duitsland uitgelok het en in die buiteland erkenning geniet, getuig bv. sy voordragte in Engeland en die V.S.A. waar hy ook navorsing gedoen het. Beide Pollard en Wehler het my seminaar bygewoon en aktief aan die bespreking deelgeneem.

### 9. Ontmoeting met prof Reinhart Koselleck, 17.10.1980

Hierdie beroemde Duitse historikus van die geestes- en kultuurgeskiedenis wat ook sosiale geskiedenis navors, was vroeër van Heidelberg, en het sy opleiding van die bekende sosiale historikus, Werner Conze, ontvang. By Hans Gadamer wat in September 1980 'n paar voorlesings aan die Universiteit van Pretoria gegee het, was hy as student in die leer. Ek het hom uitgevra oor sy opvatting van die geskiedenis as historiese antropologie wat hy sterk bepleit het. Hy staan in die ouer Duitse tradisie van Wilhelm Dilthey en het belangrike temas in die begripsgeskiedenis behandel. Hy het my na die Interdissiplinêre Fakulteit van die Bielefeldse Universiteit geneem waar geleerdes uit ander lande mekaar ontmoet en navorsing doen — iets wat goed vergelyk met die Princetonse "Institute for Advanced Studies". Die aand het Koselleck my ete aangebied waar ek talle Duitse historici ontmoet het. Een van Koselleck se hoofwerke is "Kritik und Krise: Eine Studie zur Pathogenese der bürgerliche Welt" (1979).

Die Universiteit van Bielefeld het 500 geskiedenisstudente wat deur 11 volle professore en 21 assistente bedien word. Dit het 'n staande ooreenkoms vir uitruiling van studente en dosente met die Franse Annalesskool van die "l'Éscole des Hautes Études". Buite Frankryk is die Bielefeldse skool van "historiese sosiaalwetenskap" die naaste aan die organisasie en opvattinge van die Franse model in Parys. Die kontak in die Interdissiplinêre Fakulteit met buitelandse historici werk bevrugtend in op die geskiedeniswetenskap. Die interdissiplinêre gees word in besonder benadruk en studente word verplig om hulle vakke uit verskillende fakulteite te kies. Dis die enigste universiteit in Duitsland waar van 'n "Fakultät für Geschichte" of van "Fakultät für Soziologie" gepraat word. Die opset is heel anders as by die tradisionele universiteite.

Hoe sien die historici in Bielefeld die geskiedenis? "Geskiedeniswetenskap het met die verbygegane en huidige politiek-sosiale werklikheid te doen, met struktuur en

verandering van sosio-ekonomiese en sosio-kulterele verskynsels. Daarom is dit in die wydste sin van die woord 'n sosiale wetenskap". Hierdie definisie is ver verwyder van die Ranke-begrip van geskiedenis. Koselleck definieer geskiedenis in die leergang van die Universiteit Bielefeld soos volg: "Die geskiedeniswetenskap hou hom besig met strukture, prosesse en gebeurtenisse in die politiek en samelewing, ekonomie en kultuur. Hy tematiseer dit in hulle samehang en onder die gesigspunt van hulle verandering in die tyd. Daarom is dit 'n sosiale wetenskap in die wydste sin". Koselleck, wat hierdie definisie uitgewerk het, gaan uit van die veronderstelling dat geskiedenisbeoefening moet rekening hou met die sosiale samehange waarin dit self staan, waardeur dit bepaal word en waarop dit inwerk. Dit lei na die keuse van vrae en temas; ook het die resultate van navorsingsarbeid 'n belangrike funksie vir die samelewing. Dit is dus die taak van geskiedkundiges om hierdie veelvoudige samehang tussen historiese navorsingswerk en die huidige samelewing krities te reflekteer en in ag te neem by die keuse van temas.

Wat is die betekenis van "struktuur" (Latyn: struere,wat verrig of bou beteken) wat in die laaste dekades 'n sleutelbegrip in die geskiedwetenskap geword het, soos blyk uit "struktuurgeskiedenis"? Die begrip "struktuur" het 'n belangrike rol in die natuurwetenskappe gespeel (fisika, chemie en biologie) maar eers sedert Wilhelm Dilthey (1833-1911) het dit in die geestes-, geskiedenis- en die sosiale wetenskappe 'n rol gespeel. Dit was Claude Levi-Strauss (geb. 1908) wat die begrip strukturalisme in die Franse etnologie ingevoer het; deur sy toedoen het dit die grondslag geword vir 'n taal- en kultuurteorie. Die struktuurbegrip stuur af op die inwendige bou as komplekse eenheid of geheelheid soos bv. die struktuur van 'n molekule of die grammatika van 'n taal. In die sosiologie as die wetenskap van die sosiale handeling, die sosiale bouwerke soos groepe, instellings, organisasies, en die samelewing, word die struktuurbegrip op die sosiale werklikheid betrek. Dit is die kennisobjek van die sosiologie as empiries-analitiese wetenskap. Dit het ook 'n vernuwende funksie in die sosiale wetenskap, o.a. die geskiedenis, gebring wat in die sosiale geskiedenis ook met sosiale struktuur te doen kry, want dit voorveronderstel dat daarin samehange bestaan. Struktuurvorming is 'n moment van die sosiale werklikheid en sowel doel as gevolg van die menslike handeling. Die empiriese werklikheid is onder hierdie teoretiese en metodologiese voorveronderstelling geen chaotiese menigvoudigheid wat eers met behulp van 'n in die kop gekonstrueerde betrekkings- of verwysingsraamwerk tot ordening gebring word nie — dit is self reeds georden. Die struktuur ontstaan nie in die kop van die navorser nie, maar word in die werklikheid gevind. Die historikus moet dit deur sy navorsing ontdek en formuleer. Die geskiedwetenskap steun vandag sterk op die moderne sosiale wetenskap. Die narratiewe daarstellingsvorm (Ranke) word algaandeweg deur 'n analitiese werkwyse vervang of aangevul. Die ontwikkeling het egter nie 'n eenduidige verloop nie omdat daar nie 'n eenduidige of algemeen-aanvaarde sosiale wetenskap bestaan nie. Nasionale tradisies en ideologiese vooronderstellinge speel ook deur die geskiedwetenskap heen.

## 10. Ontmoeting met prof Hans-Ulrich Wehler, 19 Oktober 1980

Na 'n lang Spaziergang deur die bosse het ete gevolg waartydens die stand van die geskiedskrywing en die nuwe opvattinge van wat geskiedenis is, bespreek is. Die jonger historici in die Bondsrepubliek probeer om die geskiedenisprosesse en historiese samehange uitdruklik uit die sosiale, politieke en ekonomiese voorwaardes van 'n tydperk te verklaar. Hans-Ulrich Wehler, die skepper van die begrip van die

geskiedenis as "Historische Sozialwissenschaft" wat slegs beperkte weerklank gevind het, gaan uit van die veronderstelling dat die tradisionele bepaling van die geskiedenis as 'n geesteswetenskap wat die nouste aansluiting by die filologie het, vandag nie meer bevredig nie. Hy het probeer om in sy "Geschichte als Historische Sozialwissenschaft" (1973) die plek van die probleme van 'n geskiedwetenskap wat hom as histories-kritiese sosiale wetenskap nuut laat begryp, te bepaal, wat tot 'n lang diskussie met aanverwante menswetenskappe soos die sosiologie, ekonomie en psigologie gelei het. Wie Wehler se talle werke deurgaan, sal besef dat 'n mens te doen het met een van die briljantste jong Duitse geskiedskrywers wie se uitdagende werk reaksie uitgelok het. Hy het trouens die deurbraak met sy "Bismarck und der Imperialismus" na die nuwe tipe geskiedskrywing in die Bondsrepubliek gebring, 'n boek waarin hy die waarde van teorie-toepassing op die geskiedenis bewys het. Sy begrip "historise sosiaalwetenskap" was en is nog omstrede en het nie algemeen ingang gevind nie, maar sy grondslaglegging van die "Fakultät für Geschichte" aan die Universiteit van Bielefeld en sy talle publikasies het gesag afgedwing en hom buite die grense van sy land bekend laat word, veral in Brittanje en die V.S.A. Vir sowat 60 tot 80 persent is die Duitse historici nog konserwatief en staan hulle in die ou tradisie van geskiedenis as hermeneutiese bedryf, wat los van die sosiale wetenskap beoefen moet word. By die jonger geslag historici is egter verandering te bespeur. As beloning vir sy ywer tot vernuwing is Wehler deur konserwatiewe historici as "links" beskryf. Hy is egter geen neo-marxis nie, maar het wel invloed van die "Frankfurter Schule" ondergaan. Sy ander vak naas geskiedenis was sosiologie en van dié kant af is hy deur Max Weber beïnvloed.

Die Universiteit Bielefeld is anders as die tradisionele universiteite georganiseer in "fakulteite" vir enkele vakke, en is sterk inderdissiplinêr ingestel. Jaarliks word 'n lys van publikasies van dosente uitgebring. Vir 1977 beslaan dit 436 bladsye. Publikasies gee die deurslag by die "beroep" van 'n dosent: so bv. is pas prof. Sidney Pollard uit Brittanje vir ekonomiese geskiedenis "beroep". Daar bestaan ook nie 'n permanente departementshoof vir geskiedenis of ander vakke nie — anders sal nie ontslae geraak kan word van iemand wat nie inisiatief aan die dag lê of nie publiseer nie. Die navorsingseminare wat sosiaalwetenskaplik georganiseer is, dra 'n wydgaande interdissiplinêre karakter. 'n Student wat geskiedenis as hoofvak neem, moet 'n sosiale wetenskap as byvak en dan nog 'n byvak buite die "fakulteit geskiedenis" kies. Dié fakulteit staan in noue verband met die Franse Annalesskool. By die doktorale proefskrif moet mondelinge eksamen afgelê word. Die dissertasie moet 'n agtenswaardige wetenskaplike prestasie daarstel en tesame met die mondelinge eksamen as bewys dien van besondere wetenskaplike kennis en bevoegdheid. In die reël is die dissertasie 'n ongepubliseerde monografiese arbeid, maar gepubliseerde werk kan ook vir die Doktorsgraad aangebied word mits dit 'n tematiese samehang vertoon. Ook kan groepsarbeid as Doktorale dissertasie aangebied word mits die bewys van metodiese en saaklike doelmatigheid voorgelê kan word.

## 11 Ontmoeting met prof Jürgen Kocka, 20.10.1980

Kocka is 'n briljante jong Duitse historikus en skrywer van talle boeke, o.a. "Unternehmer in der deutschen Industrialisering" (1975) en "Sozialgeschichte" (1977). Ek het hom oor sy begrippe uitgevra. Onder "samelewingsgeskiedenis" verstaan Kocka drie dinge, nl. 'n sintetiese benadering, die toepassing van teorieë, en 'n sintese van sosiale en ekonomiese geskiedenis wat op veranderingsprosesse dui met 'n interdissiplinêre uitgangspunt. 'n Goeie voorbeeld is Hans-Ulrich Wehler se "Das

Deutsche Kaiserreich, 1871 — 1918 (1973) wat op 'n struktuurhistoriese basis uitgewerk is. Samelewingsgeskiedenis sluit o.a. in sosiale mondernisering en vergelykende geskiedenis — hiervan is die internasionale politiek uitgesluit. Dit handel oor sosiale veranderinge wat met die proses van verindustrialisering en die klassestruktuur verband hou. Teorietoepassing is geldig in die samelewingsgeskiedenis, soos Wehler bewys het. Reif met wie ek by Kocka aan huis 'n gesprek gevoer het, se boek van 1979 "Westfälische Adel, 1776 — 1860" omvat tegelyk sosiale, ekonomiese en politieke aspekte en is 'n goeie voorbeeld van struktuur- en samelewingsgeskiedenis, wat 'n "Gesamtgesellschaftliche" of "totale" geskiedenis is. Die verwysingsraamwerk daarin is dus breed opgeset. Kocka se opvattinge herinner aan Fernand Braudel se "histoire totale", maar hy oordeel dat Braudel te veel van 'n "optelsom" met sy groot Middellandse seewerk aanbied — dit bevat 'n nääsmekaar van feite wat nie 'n goeie eenheid vorm nie.

Wat Wehler se begrip "historiese sosiaalwetenskap" betref, nie 10 tot 20 persent van die Duitse historici is volgelinge daarvan nie — dis nog omstrede. Wat seker is, is dat Wehler tegelyk sosioloog en historikus is, wat onder die invloed van die "Frankfurter Schule" en "Kritische Theorie" (Theodor Adorno en Max Horkheimer) gekom het, met Jürgen Habermas se boek "Erkenntnis und Interesse" as beweegkrag. Die "Historische Sozialwissenschaft" is egter nie Marxisties nie, hoewel dit 'n klap daarvan via Habermas weg het. Dit is eerder iets soos verdunde neo-Marxisme sonder dat dit daarvan deurdring is. Talle konserwatiewe historici in Duitsland beskou dit as "links", wat eerder "liberaal" moet heet. Dit bevat wel sosiaal-ekonomiese uitgangspunte. As voorbeelde van goeie Duitse strukturele "sosiale" geskiedskrywing het Kocka o.a. genoem: Aubin & Zorn se "Handbuch der deutsche Wirtschafts- und Sozialgeschichte" (1977), K. Tenfelde "Bergarbeiter an der Ruhr" (1979) en Kriedte, Medick en Schlusserdom: "Industrialisierung vor der Industriëlle Revolution", en werk van Fischer en Kaelble.

## *IV UNIVERSITEIT VAN GÖTTINGEN*

### 12. Ontmoeting met dr Hans Medick, 24.10.1980, van die Max-Planck-Institut für Geschichte

Medick oordeel dat die "Historische Sozialwissenschaft" van H.U. Wehler belangrik is. Wehler het ná Fritz Fischer se belangrike boek "Deutschland's Griff nach der Weltmacht", 'n nog belangriker deurbraak met sy "Bismarch und der Imperialismus" in die Duitse geskiedskrywing gemaak omdat dit die tradisionele geskiedbeeld help verbreek en nuwe weë aangedui het. Wehler is sterk deur die Amerikaanse historiografie en sosiologie beïnvloed en het die Amerikaanse model as raamwerk benut. Hierdie skool van historiese sosiaal-wetenskap is een van talle in Duitsland, nie eers die belangrikste nie, dit het teëspraak uitgelok en deur sy historiese analise eklekties gebly. Dit het inkopies in die Amerikaanse historiese winkel gaan doen, sy sisteem van buite ingevoer en dit tot toegepaste teorie laat word. Dit beoefen nog makro-geskiedenis. Hierteenoor staan die Max-Planck-Instituut wat *mikro*-geskiedenis beoefen, wat nog nie eens deur die Annalesskool beoefen is nie, en in hierdie opsig is hulle Europa voor. Hierdie geskiedskrywing berus op bronne-ondersoek en is nie toegepaste teorie soos by die Bielefelders nie. Die Instituut probeer om vanuit die bronne 'n eie teorie oor die geskiedenis te ontwikkel. As gevolg van sy teorie-toepassing is die "historiese sosiaalwetenskap" één stroming wat sy oorsprong in die Verenigde

State gehad het, en bly dus soos 'n vreemdeling in die Duitse historiese wetenskapsbeoefening. Tog is Koselleck, Wehler en Kocka uiters belangrike historici.

In die Max-Planck-Instituut word, soos by die Annalesskool, ook koöperatiewe werk verrig wanneer 'n gesamentlike projek onderneem word. Op die oomblik werk bv. Hans Medick en twee ander historici oor die proto-industrialisering in Duitsland in drie streke. Normaalweg tref 'n mens nie in Duitsland koöperatiewe ondernemings aan nie, want met die uitsondering van Bielefeld, is navorsing individuele ondernemings. Die drie historici gebruik die rekenaar van die Instituut om resultate te vergelyk. Die basis van hulle werkwyse is demografies d.w.s. hulle beoefen sosiale geskiedenis wat 'n mifro-analise van 'n stuk samelewing, dorp of streek is. Ek het insae gehad in hulle bronne, o.a. kerkregisters van huwelike en geboortes en dorpsraadstukke oor sterftes en erfenisse. Daaruit kan die beroepstruktuur van 'n plek, dorp of streek bepaal word, asook hulle gesamentlike probleme, wat naas 'n kwantitatiewe verwerking van gegewens, dus ook uitsprake van kwalitatiewe aard meebring. Hierby kom gegewens oor die kerklike tug en hofuitsprake. Sosiale mobiliteit op lang termyn word hoog aangeslaan om 'n gegewe stuk samelewing in mikroverband te verstaan. Ook word die groep- of klassesamestelling bepaal. Daar word van statistiek gebruik gemaak wat onder getalle tel en dié word aan die rekenaar gevoer. Dit moet die pynlik-noukeurige familiegeskiedenis, beroepe en bewegings van mense analiseer. Medick het my nie net die bronne laat sien nie, maar ook die familie-kaarte waarop gegewens aangebring word. Die rekenaar kom dan met 'n uitdrukking wat 'n totale beeld in die veld van ondersoek moontlik maak. Dit raak o.a. die bevolkingstrek en -verspreiding, groei, agrariese struktuur van 'n streek, asook sy ekonomie en kultuur.

'n Mens kan van die Europese historiografie praat as 'n wending na *regionale* geskiedenis: dis oral in die mode en dit sal seker vir die volgende tien jaar nog so bly. Ek het gevra maar waarom? Medick het die volgende redes verstrek:

(i) Eerstens was daar die ontevredenheid by jong historici oor die uitsluitlike politieke aard van die Duitse geskiedenisbeoefening in die Ranke-tradisie en dan ook die bemoeiing met eietydse geskiedenis. Die Fischer-kontroverse van die sestigerjare het 'n keerpunt gebring en na bevryding van die tradisionele geskiedsbeeld gelei. Hoewel Fritz Fischer se boek "Deutschlands Griff nach der Weltmacht" nog ortodoks is het sy siening van die Duitse geskiedenis 'n geweldige deurbraak by die jong geslag historici gebring — dus bevrydend gewerk vir die kettings van tradisie en voorgeskrewe siening van die eie verlede.

(ii) Beslissend, en nog belangriker as die Fischer-kontroverse, was die deurbraak na die nuwe wat deur Hans-Ulrich Wehler se "Bismarck und der Imperialismus" bewerkstellig is, wat egter ook tééspraak o.a. van Thomas Nipperdey gewek het. Laasgenoemde is deur sy ervaringe aan die Vrye Universiteit van Berlyn na 'n meer, "ortodokse" posisie gedwing en hy gaan deur as "regs". Die boek van Wehler is belangrik nie vanweë 'n analise van die politiek in die Bismarck--tydperk nie, maar vanweë sy ontleding van die sosiale geskiedenis daarin. Dit het die finale deurbraak na die nuwe gebring. Wehler beklee dus 'n baie belangrike plek in die moderne Duitse geskiedwetenskap, belangriker as Fritz Fischer wat van die ou geslag was. Wehler het 'n groot, nuwe tendensie in die Duitse geskiedskrywing ingelui. Hieraan het ook Rudolf Vierhaus, Kosselleck, Conze en Brunner deel gehad. Wehler was 'n studieleier van Hans Medick. Wehler is egter gedeeltelik gekant teen die Vierhaus-rigting van Göttingen se Max-Planck-Institut, wat ook 'n baie belangrike rigting is. Vierhaus se In-

stituut is wêreldwyd bekend en daar kom geleerdes uit alle dele van die wêreld saam vir historiese diskussie.

(iii) Daar was nog altyd 'n sterk sosiaal-historiese tradisie in Duitsland wat gedurende die Nationaal-Socialistiese tydperk verwerp is, waarop teruggeval kon word. Max Weber, 'n sosioloog, oefen vandag nog groot invloed deur sy "ideaal-tipiese" metode (klasse, rewolusie, absolutisme) uit. Dit was dus nie net, soos in die geval van die Bielefeldskool van Wehler, die invloed van die Verenigde State van Amerika wat na die studie van sosiale geskiedenis gelei het nie. Op die Vierhaus-Medick-rigting in die Duitse historiografie het veral twee Engelse historici beslissend ingewerk, nl. Erick Hobsbawn ('n Duitser Optsbaum wat sy van verander het) en Thompson. Hulle het met 'n konkrete vorm van sosiale geskiedenis gekom.

(iv) Vierdens het ook Marxistiese teorie 'n aandeel gehad in die ommeswaai van 'n politiek- en staatsgeoriënteerde geskiedskrywing na die sosiaal-ekonomiese veld. Hier moet dit duidelik gestel word dat dit Marx se *historiese* en nie sy politieke of ideologiese beginsels is wat 'n invloed uitgeoefen het. Van sy historiese, sosiale en ekonomiese beginsels is deur die Duitse historici verander. Daar word dikwels vergeet dat Marx ook 'n belangrike historikus en sosioloog was en dat dit nie net sy ideologiese beginsels is wat tel nie. Medick beskou die Engelse historikus Thompson as die grootste Europese sosiale historikus wat invloed op die "Max-Planck-Institut für Geschichte" uitgeoefen het. Thompson en Hobsbawn het Marx bevry van sy Marxistiese ortodoksie en die klem na die kultuur verlê.

(v) 'n Nuwe metode wat in die sosiale geskiedenis in Duitsland toepassing gevind het, is die Engelse beoefening van die antropologie, o.a. van Gluckmann, wat oor die rites van die Afrikastamme gewerk het. Die etnologie het gelei na 'n tipe historiese antropologie in die Duitse geskiedskrywing en in besonder in die Max Planck-instituut. Dit gaan nie om suiwer etnologie nie, maar om meer as dit — die historiese deel daarvan. Dit gaan by hierdie tipe etnologie oor Afrikastamme, om sosiale struktuur en kultuur wat indirek op die Duitse geskiedwetenskaplike beoefening invloed uitgeoefen het. Die Duitsers praat en lees nie juis Frans nie. Engels het daar tot mode geword en die Duitse geskiedskrywing is deur die lees van boeke uit die Angel-Saksiese meer as die Franse wêreld beïnvloed. Wedersydse uitruiling van akademici het daartoe meegewerk.

Volgens Medick is in die Duitse geskiedskrywing tans van belang, die geskiedenis van die alledaagse lewe, van die gewone mens, die "klein mensies", die voreër miskendes asof hulle nie in die geskiedenis bestaan het nie. Dit is baie ver weg van Ranke se ideaal van politieke geskiedenis toe baie politieke dokumente in die argiewe beskikbaar geword het en die staat in die sentrum van die Duitse lewe gestaan het. Dit het te doen gehad met owerheidsgehoorsaamheid. In die staat is toe die middel vir die ordening van die ganse samelewing gesien.

Die Duitsers het self nie groot etnoloë tevoorskyn gebring nie, tog was dit die Afrika-etnologie wat via die Engelse geleerdes groot invloed op die Duitse historiese navorsing gehad het. Bronne wat nooit vroeër benut is nie, het skielik belangrik geword. Dit gaan in die moderne Duitse sosiale geskiedenis om die alledaagse lewe ("Geschichte des Alltags") waartoe die sosiale antropologie 'n belangrike bydrae gelewer het. Dit het a nuwe kyk op die alledaagse lewe in die geskiedenis gewerp en die geskiedenis interessanter laat word.

## 13. Ontmoeting met prof Rudolf Vierhaus, direkteur van die Max-Planck-Instituut te Göttingen, 24.10.1980

Vierhaus het historikus geword na sy suksesvolle dissertasie "Ranke und die Soziale Wet". Hy is 'n briljante geleerde vol idees, dinamies en intelligent, sit moeilik stil en loop op en af en filosofeer oor sy vak. Hy het bevestig dat die Max-Planck--Instituut nou saamwerk met die Franse Annalesskool. Medick was gereeld daar op besoek, is daar bekend en Franse geleerdes kom ook gereeld na die Max-Planck--Instituut. Die Instituut het 20 historici wat saam met die assistente 'n totaal van 45 uitmaak. Daar word deur internasionale geleerdes navorsing gedoen, en is 'n tipies internasionalistiese sentrum. Geskiedenis as vak is nie meer nasionaal nie maar het as wetenskap verinternasionaliseer.

'n Probleem vir die Instituut was die leftistiese verdraaiings van die "burgerlike samelewing", wat wêreldhistories van belang was om bv. te dink aan die kapitalisme en die verindustrialiseringsproses in Europa. Die Industriële Rewolusie was 'n komplekse oorgang. Om dit te leer ken, het die Amerikaners met hulle "New Economic History" en die Engelse met die "New Cambridge group" van demografiese historici tevoorskyn gekom. Naas dié twee rigtings het ook die Franse Annalesskool in besonder op die Max-Planck-Instituut in Duitsland invloed uitgeoefen. Daar word in die "proto-industrie" belanggestel en navorsing gedoen — dié woord is 'n nuwe wat deur Vierhaus geskep is. Die proto-industrie is in 'n agrariese samelewing nog vóór die werklike industriële rewolusie beoefen, veral die tekstiel-huisindustrie wat deel van die wêreldhandel geword het.

Naas invloede uit die V.S.A., Engeland en Frankryk op die Instituut, het ook die historiese antropologie 'n rol gespeel, om bv. aan die geskiedenis van die dood te dink. Dit hoef nie net teologies, sosiologies of medies bestudeer te word nie, maar ook histories. Vir Vierhaus is ook belangrik die gedragsverhoudinge van die mens — die "alledaagse lewe", die nie-spektakulêre, langtermynse veranderinge of verskynsels in die samelewing. Dit gaan vir die Instituut bv. om die lewe, d.i. die sosiale geskiedenis van 'n enkele dorp of 'n streek (mikro-geskiedenis). Daar het dus 'n regionalisering van die verlede in die historiese bedryf ingetree. Feite of data uit die alledaagse lewe word aan die rekenaar gevoer. Dit vertoon dan die inwendige verhoudinge, die totale materiële bestaanswyse van die gehele lewe, d.i. die lewe in sy totaliteit wat nie net uit skriftelike bronne af te lei is nie — soos by die Franse Annalesskool. Dit gaan om die sosiale navorsing van 'n dorp of streek met die doel om die langtermynse ontwikkelinge of verandering van bv.die boerelewe vas te stel. Nie net wat in so 'n dorp gebeur het nie, maar ook hoe die bevolking ontwikkel het, is van belang: Hoe staan dit met die erfreg en oorbevolking, hongersnood, armoede, lewe en dood, huwelike, midaad, besit en voeding? Wat was die verhouding teenoor die landsheer? Watter sosiale kontrole is deur die Kerk uitgeoefen. Dit het gelei tot die ontginning van nuwe bronne. Ook die geskiedenis van die onderwys en opvoeding is van belang, insluitende dié van die intellektueel. Hierdie dinge is almal deel van die sosiale geskiedenis wat as 'n moderne te verstane "kultuurgeskiedenis" is.

Die oorgang na sosiale temas is 'n historiese deurgangsfase van die Duitse wetenskaplike beoefening van die geskiedenis. Wat sterk na vore gekom het, is *familiegeskiedenis* wat ook in die V.S.A. beoefen word, Veral die studie van die vóór--industriële families trek aandag, o.a. die werkers. Dit gaan vandag nie meer soseer om die geskiedenis van idees nie, maar om *sosiale groepe*: wat het hulle idees bepaal? Ook beroepsgeskiedenis is hier 'n onderdeel van die sosiale geskiedenis. Waarom was daar

'n behoefte aan geleerdes? Waar en wanneer het dié behoefte ontstaan? Watter belange het groepe gehad? Watter mentaliteit het hulle geopenbaar? Watter plek beklee die intellektueles in die moderne samelewing? Hoe staan sake met die beamptes van die staat, die burokrasie?

Vir Vierhaus is die geskiedenis in die eerste plek *vrae* aan die verlede (soos by die Franse) en wel die korrekte *probleemstellinge*, wat lei na die soek van 'n antwoord in die bronne. Dit gaan nie net bloot om die data nie, maar om verklarings daarvoor, d.i. 'n historiese analise, wat nie beteken dat daar nie in die geskiedenis vertel moet word nie. Die biografie wat lank uit die mode was, het tans teruggekeer, getuig bv. Lothar Gall se nuwe Bismarck-biografie.

In die Max-Planck-Instituut vir Geskiedenis word nie vaste temas behandel nie. Daar heers groot vryheid vir die navorsers. Dit staan los van die Universiteit van Göttingen, hoewel van sy navorsers daar seminare lei. Dit is 'n private vereniging wat geldelik deur die Staat ondersteun word. Van sy navorsers is honorêre professore by die Göttingense en ander Universiteite. Dit is 'n klein geesteswetenskaplike afdeling, belangrik vir die buiteland, waarheen geleerdes "aus aller Wet" kom studeer.

Op 'n vraag van my oor Karl Lamprecht het prof. Vierhaus geantwoord: Lamprecht was reg wat sy idees betref, maar hy het met sy "Deutsche Geschichte" te breed en oppervlakkig te werk gegaan. Hy het nie bereik wat hy homself voorgestel het om te bereik nie. Ná die Duitse metodestryd om Lamprecht is daar eers vandag waardering vir die werk wat hy beoog en gedoen het. Vierhaus het gevra: In welke mate kom in die geskiedenis die verhouding uit tot die faktisiteit van die mens se lewe én sy bewussyn daarvan? Waarom handel die mens en die geskiedenis soos hy handel? Die mentaliteitstruktuur is hier van belang. Modernisering met ons industriële en tegnologiese eeu het gekom om te bly. Dit geld ook Suid-Afrika, hoewel die stroom van die Europese denkrigtinge hom weens isolasie verbygegaan het. Die wetenskap en tegnologie is die basis van ons samelewing. Daarom ook is onderwys, opleiding en opvoeding van so groot belang. As 'n volk foute in sy geskiedenis begaan het, sal dit histories nie ongestraf bly nie. Dit geld Suid-Afrika sowel as sy Duitse historiese ervaring.

**14. Ontmoeting met prof Sabean, 24.10.1980**

Sabean is 'n Amerikaner wat 'n permanente aanstelling in die Max-Planck-Instituut gekry het. Hy het my die rekenaarstelsel van die Instituut verduidelik asook van die pakke-en-pakke navorsingsdata wat aan die rekenaar oor sosiale geskiedenis gevoer is. Op die oog af lyk dit alles uiters ingewikkeld — ten minste vreemd aan die historiese bedryf in Suid-Afrika. Die data is deur die mees nougesette navorsing oor families en hulle lotgevalle deur die tyd verkry. Dis byna iets soos genealogie, maar nog veel meer. Die historiese probleem van armoede en die gewone mense is belangrike temas, ook sosiale konflikte. Statistiese of kwantitatiewe materiaal is nodig, gebaseer op pynlik-noukeurige navorsing, en dié is uiters tydrowend. 'n Mens het versteld gestaan by die aanskouing van die nuwe benadering tot die geskiedenis en nuwe metodes en temas wat so eksakt uitgevoer word.

## *V. DIE UNIVERSITEIT VAN MÜNCHEN*

**15. Ontmoeting met dr Klaus Tenfelde, 29.10.1980**

Volgens Tenfelde is die Bielefeldse rigting van Wehler, Kosselleck en Kocka

(Historische Sozialwissenschaft) teoreties gerig, wat 'n nuwe rigting in die Duitse geskiedskrywing verteenwoordig. Hulle is meer teoretiese as empiriese historici. Hy aanvaar nie dat prof. Wehler 'n empiriese sosiale historikus is nie, want politiek het dié rigting beïnvloed. Vir Bielefeld gaan dit nie soseer om bronne-studie nie, maar om die toepassing van teorie en dié is wel legitiem in die geskiedwetenskaplike beoefening. Daarteen kan niks ingebring word nie. Vandag is etnologiese, psigologiese en sosiologiese teorieë in die geskiedwetenskap toepasbaar.

Vir 'n lang tyd was die Duitse geskiedwetenskaplike beoefening sonder teorie. Die Universiteit van Bielefeld het in die behoefte voorsien en dit is sy verdienste. Maar die teorie moet egter nie oordryf word nie. Die sosiaalhistoriese studie is 'n empiriese sosiaalwetenskaplike bedryf ánders as in Bielefeld, maar die geskiedenis kan ook nie sonder teorie klaarkom nie. In München het prof. Zorn (hy was ongelukkig nie beskikbaar vir 'n onderhoud nie) die sosiale geskiedenis anders begrond en aangelê as in Bielefeld: in München is dit streng beperk tot die sosiale lae van die samelewing. Samelewingsgeskiedenis soos Jüngen Kocka dit op die oog het, is moontlik, want die moderne samelewing is die resultaat van die industriële rewolusie.

In die tydperk voor 1800 vind 'n mens ander swaartepunte in Duitsland: die geskiedenis is nog geheel en al tradisioneel. Hoewel teoretiese sake bevorderlik vir die sosiale geskiedenis is, is wetenskaplike kennis die hoofsaak. Tot in die sestigerjare het Wes-Duitsland 'n teorie-defisiet gehad en juis toé het Bielefeld in dié behoefte voorsien. Dáár is die teorie uit die sosiologie op die geskiedenis toegepas. Afgesien van Amerikaanse en Franse invloed, kon die Duitse sosiale geskiedenis aansluiting vind by 'n ou Duitse sosiaalhistoriese tradisie, om bv. aan Gustav Schmoller, Kurt Breysig, Karl Lamprecht en Otto Hintze te dink. Laasgenoemde wat deur die Nazi-regime verwerp is, is vandag in eer herstel. Reeds teen 1870 het Schmoller die Duitse kleinbedrywe en die middestand nagevors. Wat vandag nuut is, is die historiese kennisteorie wat met Jürgen Habermas begin het. Hy is geen Neo-Marxis nie, aldus Tenfelde, hoewel hy invloede van Marx ondergaan het, getuig bv. sy "Erkenntnis und Interesse", wat op 'n korrekte en universeel-ware beginsel berus, want elke historikus kies temas omdat hy daarin belangstel, wat nie sonder redes of 'n kennisleidende belang geskied nie. Waarom kies ons geskiedenis en waartoe lei sy studie? Habermas se "Frankfurter Schule"-idees is op die geskiedenis toegepas o.a. in Bielefeld wat o.l.v. Hans-Ulrich Wehler staan. Daarmee is niks verkeerd nie. Historiese "interesse" of belange (betrokkenheid) is toelaatbaar in die geskiedwetenskaplike bedryf en histories legitiem: die historikus het tog 'n doel met sy ondersoek van die verlede. Dit bepaal sy vraag. Daar bestaan belange, wense, ideale en "trends" of neiginge wat die historikus beweeg.

Vandag is die "trend" of neiging in Europa om sosiale geskiedenis te bestudeer. Dit kan ook psigologies as reaksie-situasie verklaar word. In die afgelope 10 jaar het ongeveer 2 000 geskrifte in Wes-Duitsland alleen oor die sosiale geskiedenis verskyn, waarvan 1 000 boeke, dus 100 boeke per jaar — 'n haas onoorsienbare literatuur wat nie deur alle historici gelees kan word nie. Ons moet nie vergeet nie dat industrialisering 'n massa-fenomeen is, wat baie temas toelaat. As gevolg van die Nasi--tussenperiode is dié veld van ondersoek lank vertraag maar ná die Tweede Wêreldoorlog het invloede vanuit Frankryk, die V.S.A. en Engeland dit gestimuleer. Natuurlik word geesteshistorie nog steeds beoefen, maar nie meer in die sin van Meinecke nie: Wes-Duitsland se geskiedwetenskap het veel meer kosmopolities geword. Die geskiedwetenskaplike bedryf is verinternasionaliseer. Die Bondsrepubliek wéét dat hy na sy nederlaag en verdeling nie meer aan die wêreldpolitiek kan deelneem

nie en daarby is sy regering sosialisties.

Tot in die vyftigerjare was die Duitse geskiedskrywing nog tradisioneel en konserwatief. Daarna het daar verandering gekom. Tans is die politieke en historieswetenskaplike rigting links van die middel. Daar het dus 'n verskuiwing plaasgevind. Waarom? Die vernaamste rede: ekonomiese faktore en demokratisering. Nee, nie Marxistiese invloede het 'n rol gespeel nie, eerder globale politieke veranderinge. Sosio-ekonomiese toestande het dit bepaal asook NAVO — om te dink aan die "Oospolitiek" ná die erkenning van Oos-Duitsland. Ná 1969 het in Wes-Duitsland 'n toestand van meer links van die middel ingetree. Die geskiedskrywing is dus deur politieke toestande beïnvloed, wat hom weer na links laat beweeg het. Hiertoe het ook die Franse Annalesskool bygedra. Maar dié beïnvloeding — ook deur die Marxisme — was ondogmaties. Labrousse het op grond van empiriese studies tot dieselfde gevolgtrekking as Marx m.b.t. die geskiedenis gekom. In Bremen en Oldenbourg tref ons vandag heeltemal linkse geskiedenisdepartemente aan. Hoewel daar 'n paar Marxistiese historici in die Bondsrepubliek is, is 98 persent van die historici "normaal"!

Die beeld van die Wes-Duitse historiografie is egter gekompliseerd en veelsydig. Die Lamprecht-stryd is verby en die gaping tussen die voreëre "verstaan" en "verklaar" naastenby oorbrug. Vandag is sosiale geskiedenis omvattend en moet in die sin van samelewingsgeskiedenis (nie die ou kultuurgeskiedenis nie) verstaan word. Sosiale geskiedenis het te doen met kultuur en beskawing, hoewel die begrippe "kultuur" en "beskawing" vandag nie meer in Wes-Duitsland geliefd is nie. Tans gaan dit om samelewingsgeskiedenis, wat die gevolg was van die industrieële rewolusie. Die ou-ou stryd tussen geskiedenis en sosiologie is nou min of meer versoen en die kloof oorbrug. Die veld van die geskiedenisstudie het egter verbreek. Die Franse Annalesskool en die Amerikaanse "New Economic History" het invloed in Duitsland uitgeoefen. Wat van belang is, is goeie empiriese sosiaalwetenskaplike geskiedenisnavorsing. Ook is die begrip struktuur van belang soos deur Conze geïnisieer. Vierhaus lewer goeie historiografiese resultate soos blyk uit sy "Deutschland im Zeitalter des Absolutismus" (1978), maar Helga Grebing se "Geschichte der deutschen Arbeiterbeweging" (1970) is verouderd, selfs toe dit gepubliseer is, hoewel nie onbelangrik nie. Dit is 'n kwessie van metode. Sý benader die geskiedenis soos 'n teoloog en sien die sosiale geskiedenis te veel vanuit 'n politieke oogpunt.

H.U. Wehler se werk is belangrik vanweë die manupileerbaarheid van die politiek deur die Duitse imperialisme, dus ekonomiese en sosiale faktore. Wehler se "Bismarck und der Imperialismus" raak nie soseer Bismarck nie, eerder die samelewingsgeskiedenis van sy tyd. Dit is Wehler se belangrikste bydrae wat in Wes-Duitsland erkenning geniet, hoewel sy posisie 'n "Sonderstellung" is.

## *VI. SAMEVATTING*

Die Franse Annalesskool as groep om die tydskrif "Annales d'histoire économique et sociale" wat in 1929 gestig is, was 'n alternatiewe program teenoor die sterk Duits-historisties-gevormde politieke geskiedskrywing van die Sorbonne-professore. Dié groep het hulle eers in 1947 met die ontstaan van die Sixième Section vir sosiale en ekonomiese geskiedenis aan die "École Pratique des Hautes Études", wat 'n opposisiegroep tot 'n posisie van institusionalisering gelei het. Dié het "'n nuwe soort geskiedenis" o.l.v. Bloch, Febvre en Braudel geloods, wat as 'n versosiologisering van die geskiedenis getipeer kan word. Geskiedenis is daar as 'n sosiale wetenskap verstaan i.p.v. 'n geesteswetenskap. Dit het aansluiting gevind by die Voorligtingshistoriografie

wat wou analiseer i.p.v. beskryf of verstaan. Geskiedenis as sosiale wetenskap is in Frankryk verstaan as 'n omvattende ekonomiese en sosiale geskiedenis waarmee ook die terrein van die kultuurgeskiedenis geïntegreer is.

Die sterkere sosiologisering van die geskiedenis het gelei na 'n verwerping van die enkel-subjekte, kollektiewe akteurs, tot 'n beskouing van anonieme, kwantitatief vatbare samelewingsprosesse en die verandering van die tradisionele geskiedenis van idees na kollektiewe mentaliteite. "Verklaring" het dus belangriker as "verstaan" geword, sonder om die narratiewe struktuur van die geskiedenis prys te gee. Dit het die boustene verskaf vir 'n geskiedenis van die materiële kultuur wat via die ekonomiese en sosiale geskiedenis na 'n antropologiese geskiedenis gelei het.

Dit het geen nut om hier 'n volledige geskiedenis van die Franse Annalesskool te gee nie, dit het ek reeds in my boek "Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie" in 1980 gedoen. Genoeg om daarop te wys dat tussen 1900 en 1945 hierdie "nuwe" Geskiedenis in Frankryk deur Henri Berr, Francois Simiand, en die sosiologie van Emile Durkheim gegrondves is, waarop Marc Bloch en Lucien Febvre, en ná hom, Fernand Braudel kon voortbou. Dit het berus op 'n integrasie van geskiedenis by die sosiale wetenskappe en 'n interdissiplinêre benadering.

Tussen 1929 en 1945 was die Annales-groep van historici in die opposisie teen die "establishment" van die Franse politiek geskiedenisbeoefening, en deur ywer en harde werk het die Annalesgroep ná die Tweede Wêreldoorlog die ou groep verdring en self tot die nuwe "establishment" geword. Die "nuwe" geskiedenis was strukturele en "totale" geskiedenis soos blyk uit Braudel se boek oor die Middellandse See. Daarop het kwantitatiewe konjunktuurgeskiedenis gevolg, regionale geskiedenis, kliometrie, kollektiewe mentaliteite, en struktuurgeskiedenis wat Europa beïnvloed het. Hoewel die Duitsers dit nie graag erken nie, staan sake so dat, soos Ranke vanuit Berlyn die 19e eeuse geskiedskrywing tot diep in die 20ste eeu beheer het, só die Paryse Annalesskool die geskiedskrywing in die 20ste eeu.

In Duitsland tref 'n mens groot diversifikasie en pluralisme in die geskiedeniswetenskaplike beoefening aan. Na hulle bevryding uit die greep van die Nasionaal--Sosialisme het die Franse die weg na die historiese wêreld ook vir die Duitsers, soos vir vele ander lande, selfs tot agter die Ystergordyn, aangedui en as sulks moet die Franse Annalesskool een van die belangrikste stromings ter wêreld in die moderne Europese geskiedskrywing gereken word. Dit het die model — ook vir die Bondsrepubliek — vir geskiedswetenskaplike beoefening gestel, nieteenstaande die Duitsers hulle op Amerika en 'n eie sosiaalhistoriese tradisie beroep. Wat vas staan is die feit dat daar na 1945 in die Weste 'n wending in die geskiedenisbeoefening gekom het. Dit het van die tradisionele politieke geskiedskrywing na sosiaal-bepaalde temas verander. Een van die redes is die verindustrialiserings- en verstedelikingsproses wat nie suiwer uit die politiek verklaar kan word nie, maar vanuit sosiaal-ekonomiese faktore. Die geskiedbeoefening het van die makro-geskiedenis na die mikro-geskiedenis gegraviteer, dus van nasionale en staatsgeskiedenis na streeksgeskiedenis, en handel oor die lewe van die gewone mens en die alledaagse lewe, wat vroeër aan verwaarlosing oorgegee was en waarvoor totaal nuwe tipe bronne ontgin word.

*VII. AANBEVELINGS*

(a) Met die veranderinge wat in ons eie samelewing deur verïndustrialisering en verstedeliking ingetree het, sal ons historici noodwendig die verandering moet ondergaan wat reeds in Europa plaasgevind het — óf ons sal van onsself en ons

samelewing vervreem. Die óu tipe verlede wat ons tradisioneel geken het, het veel van sy aantrekkingskrag verloor; ook kan ons praat van 'n verbygegane 19e eeuse identiteit en geskiedbeeld en sal daar na nuwe weë gesoek moet word. Dit terwille van aanpassing by die toekoms, omdat dié belangriker as die verlede geword het. Daar sal 'n wending moet kom van die tradisionele historiese tematiek en metodologie, wil ons aanpas by totaal gewysigde omstandighede, nl. 'n verandering van 'n agrariese na 'n stedelike samelewing. Ons selfbegrip lê op ander vlakke as vroeër, en dié moet nagevors word soos ook veranderde mentaliteite. Maar ook agrariese en plattelandse geskiedenis verdien aandag.

(b) Een van die moderne Duitse historici moet na S.A. genooi word om ons verder oor die nuwe geskiedskrywing in te lig.

(c) Daar behoort simposiums gereël te word oor die verhouding van geskiedenis tot die sosiale wetenskappe soos o.a. die ekonomie, staatsleer, psigologie en die sosiologie, waarsonder die moderne Suid-Afrikaanse mens nie verstaan kan word nie. Geskiedenis het sy historiese funksie in die samelewing ná 1961 verloor, en sal moet arbei om sy verlore posisie te herwin, anders gaan die studentegetalle in dié vak voortdurend 'n dalende neiging in die toekoms toon.

(d) Geskiedenis sal moet probeer om uit sy isolasie sedert 1945 te breek en kontak op te neem met die internasionale wetenskapsbeoefening, nie alleen wat temas en metodes betref nie, maar ook teorie. Dit sal vereis sowel uitwisseling van dosente as studente met Europese universiteite.

(e) Dit is nie moontlik om hier 'n volledige lys van die nuwe tipe temas te gee nie. Daar is dikwels beweer dat die 19e eeu deur studies van nagraadse studente "uitgeput" is. Dit mag waar wees wat politiek en staat betref. Gesien in die lig van die nuwe benadering tot die geskiedenis lê dit braak as 'n mens dink aan sosiale, ekonomiese en kulturele temas. En dit geld ook die 20ste eeu. Streeks- en plattelandse geskiedenis, agrariese geskiedenis, veeteeltgeskiedenis lê, wat Transvaal betref, onbewerk.

Daar is die verhouding in die agrariese samelewing en die bestuurstrukture en mentaliteite wat dit voortgebring het, die rol van die vrou, misdaad, armoede, die klimaat en ruimte en plaas-uitbreidingsgeskiedenis, demografiese beweginge en die bywonerstelsel. Van kollektiewe mentaliteite wat méér is as lewens- en wêreldbeskouing weet ons niks. Deur 'n kombinasie van geskiedenis met volkskunde, volkekunde en argeologie kan tot beter begrip gekom word van bv. 'n antropologiese geskiedenis van die Boere of swartstamme, en die vroeë substraat wat die blanke geskiedenis voorafgegaan het. Menseverhoudinge is net so belangrik as 'n geskiedenis van die ontwikkeling van sedes, gewoontes, gebruike, feeste, kerkhowe en gedenktekens.